

Bedwelnde Drome

Dis herfs. Die temperatuur begin daal. Ons komberse is weer gisteraand gesteel. Dit was seker Jacques en sy bende. Hulle kla nooit oor die koue nie. Langs my bewe Klara. Dit kan nie so aangaan nie! Pa moet gaan werk soek, maar hy lê nog uitgekonn van gisteraand se alkohol.

Ek het 'n tydperk gelede uitgevind dat om op die straat te staan en bedel baie meer inbring as om te werk. Dis veral die geval by Klara. Wanneer sy met haar blonde krulle in haar rolstoel sit, kan die mense dit nie help om vir haar geld te gee nie. Ek werk maar in elk geval by 'n restaurant. Dis nog net 'n aantal jare, dan is ons volwassenes, en dan gaan niemand vir ons iets gee nie.

Dit gaan moeilik wees vir Klara om 'n werk te kry in 'n winkel of restaurant as gevolg van haar gestremdheid. Ek spaar maar van die geld wat ek verdien sodat sy kan gaan studeer. Die eienaar van die restaurant het ons almal nou al twee keer aangespreek oor die kos wat weekliks verdwyn. Ek sal maar versigtig moet wees. Gelukkig weet niemand hier van my situasie nie. Ek sou die eerste een wees wat hulle verdink het.

Nog 'n ding wat jy moet weet is dat dit onmoontlik is om hier te oorleef sonder enige verligting. Ek is nie 'n alkoholis soos Pa nie, en dit wat ek gebruik hou ek tot 'n minimum. Dis slegs op 'n Donderdagmiddag wanneer ek na die groep seuns stap waarvoor almal my altyd waarsku. Ek maak seker dat ek 'n skoon naald kry en ek voel hoe my probleme verdwyn. Ek is nie 'n verslaafde nie. Ek het dit net een keer 'n week nodig. Ek weet dwelms is duur, maar ek gebruik nie van ons swaarverdiende geld om dit te koop nie. Ek het 'n reeling dat ek dit verniet kan kry. Op die manier hoe hulle nou onderlangs met mekaar gesels, besluit hulle seker wie vannaand die betaling gaan kom haal.